UNIVERSITEIT · iYUNIVESITHI · STELLENBOSCH · UNIVERSITY

100

1918 · 2018

3 Julie 2020

Beste Studente

Die meeste van julle neem nou seker al 'n welverdiende blaaskans terwyl ander nog met assesserings besig is, maar in bietjie meer as 'n week is die eerste semester van 2020 iets van die verlede. Wel gedaan aan almal wat die 'nuwe normaal' omarm het en saam met ons op hierdie reis met 'n menigte onsekerhede is. Vir sommiges het die afgelope semester moontlik teleurstellings ingehou. Maar moenie wanhopig wees indien dit nie so goed gegaan het in die mid-jaar-assesseringstydperk nie; jy sal in Januarie 2021 'n bykomende assesseringsgeleentheid (met die verwysing A4) kry.

Die heel eerste algehele aanlyn-assessering was 'n uitdaging vir die personeel, studente en ons stelsels by die Universiteit Stellenbosch. Ons vertrekpunt was dat ons vertroue in die integriteit van ons studente het en dat die spesifieke toegelate tyd vir skryf en oplaai genoegsame wigte en teenwigte verskaf het. Ons het navrae wat aangemeld is, ondersoek, maar ek is baie bly om te kan sê dat ons net met 'n fraksie van 1% van die totale aantal eksamenantwoordstelle wat op SUNLearn ingehandig is, probleme ondervind het. Dit is geen geringe prestasie nie as 'n mens in ag neem dat tussen 15 000 en 20 000 studente elkeen vier of vyf assesserings voltooi het. Ek besef egter dat dit traumaties vir enige student is wat probleme met die indien van hul antwoordstelle ondervind het.

Ons nagraadse studente wat ingesluit is in die 33% van die studenteliggaam wat toegelaat word om vir akademiese doeleindes na die kampus terug te keer, het reeds aangekom en die voorgraadse studente in hierdie groep keer binnekort vir die tweede semester terug met 'n voorafgaande sewe dae lange afsonderingtydperk vir studente in koshuise. Dit was in die Universiteit se beplanning nodig om nou besluite vir die res van die jaar te neem. Ons kan nou 'n mate van duidelikheid aan studente verskaf wat huiwerig was om private verblyf op Stellenbosch te kanselleer weens die onsekerheid oor die risiko-aanpassingsvlakke en of hulle moontlik in die tweede semester na die kampus sal kan terugkeer.

## Aanlyn-modules vir die res van 2020

Aangesien dit tans baie moeilik is om te voorspel wat die nasionale risikovlakke en regulasies weens COVID-19 vir die res van 2020 sal wees, het die onderskeie fakulteite (Krygskunde uitgesluit) bepaal watter modules in die tweede semester SLEGS aanlyn aangebied sal word. Dit sal studente en hul ouers met hul beplanning vir die res van die jaar help. Jy kan jou fakulteitsmodules en die toepaslike kontakpersoon op die US se COVID-19-webblad vind.



Naam van Entiteit | Name of Entity
Privaat Sak X1, Private Bag X1, Matieland, 7602
Tel: +27 21 808 xxx | Faks | Fax: +27 21 808 xxx | www.sun.ac.za

Studente in hierdie modules sal nie enige kampusgeriewe hoef te gebruik om die akademiese jaar te voltooi nie en hierdie reëling sal help om die totale aantal studente op ons kampusse te verminder. Indien daar ’n terugkeer na strenger vlakke van inperking gedurende die komende semester sou wees, sal hierdie studente nie deur reëlings wat verander, verontrief word nie.

## Bykomende assesseringsgeleentheid (A4) in Januarie 2021

’n Bykomende assesseringsgeleentheid sal in Januarie 2021 vir alle **eerste semester- en sommige jaarmodules** beskikbaar wees. Jaarmodules wat hoofsaaklik projekte of praktiese assesseringsmetodes gebruik, asook jaarmodules waarvoor daar reeds in die tweede semester ’n bykomende assessering aangebied, is **uitgesluit** van die A4-geleentheid.

Reëlings vir tweedesemestermodules en nagraadse navorsingstudente maak nie deel uit van hierdie reëlings nie en sal afsonderlik hanteer word.

## Toegang tot assesserings

- Alle studente kwalifiseer outomaties om die A4-eksamen in ’n spesifieke eerstesemestermodule af te lê indien hulle nie die module na A2/A3 in 2020 (ongeag klaspunte) geslaag het nie, en indien hulle aan alle *subminima* van toepassing op assesserings gedurende die onderrigtydperk van die semester voldoen het, byvoorbeeld die bevredigende voltooiing van praktiese sessies in die laboratorium waar van toepassing.

- Net so kwalifiseer alle studente ook om die A4-eksamen in ’n spesifieke jaarmodule af te lê indien hulle nie die module ná die eksamen in Desember 2020 (ongeag watter van die normale assesserings die student afgelê het) geslaag het nie en hulle aan alle *subminima* van toepassing op assesserings gedurende die onderrigtydperk van die semester voldoen het. Let asb op die jaarmodules wat uitgesluit is soos aangedui in die inleidende paragraaf hierbo.

- Toegang tot A4 mag ook moontlik in buitengewone omstandighede aan studente toegestaan word, soos byvoorbeeld diegene wat aan buitengewone voorvereistes soos punte hoër as 50% moet voldoen.

## Skedulering

Die A4-eksamens sal van Maandag, 11 Januarie 2021 tot Vrydag, 29 Januarie 2021 (Saterdag, 16 en 23 Januarie ingesluit) aangebied word. Dieselfde skedule as wat vir die eerste semester se A2-eksamen gebruik is, sal geld.

## Voorbereiding vir A4-eksamens

- Fakulteite sal vir konvensionele (onder toesig) A4-eksamens beplan. Die formaat moet verkieslik ’n geskrewe vraestel wees indien dit die normale formaat vir daardie module was, maar ’n aanlyn-formaat mag gebruik word (onderworpe aan voldoende RGA-kapasiteit) indien studente ondervinding in die spesifieke aanlyn-formaat het.
- Die eksamenkantoor sal die rooster, lokale en toesig reël.
- Vir elke module wat ’n A4-eksamen aanbied, sal ten minste een personeellid op Maandag, 14 en Dinsdag, 15 Desember 2020 beskikbaar wees om studente se vrae te beantwoord, asook op Donderdag, 7 en Vrydag, 8 Januarie 2021. Die tydgleuwe wanneer dosente beskikbaar sal wees, sal op elke module se SUNLearn-blad verskyn. Die dosente mag aanlyn of in hul kantoor beskikbaar wees (volgens die dosent se voorkeur).
- Studente moenie van dosente verwag om vir konsultasies beskikbaar te wees gedurende die A4-eksamentydperk nie.
- Dosente mag (maar dit is nie verpligtend nie) kort oorsiggewende lesings gedurende die konsultasietydperke aanbied.

- Daar sal aangeneem word dat alle studente toegang gehad het tot die module-inhoud wat voor 16 Maart behandel is. Studente moenie enige verdere onderrig of SUNLearn-materiaal vir daardie inhoud verwag nie.
- SUNLearn sal só opgestel word dat studente wat in 2020 geregistreer het, steeds toegang tot hul eerstesemester- en jaarmodules het.

### Finale punte en daaropvolgende uitwerking

Studente mag voorlopig vir 2021-modules registreer, ongeag voorvereistes wat van die A4-uitslae afhang. Sodra die uitslae beskikbaar is, sal die Afdeling vir Studente-inligtingstelsels (SIS) studente deregistreer wat nie aan die voorvereistes voldoen nie.

Daar sal geen dekaansvergunningseksamens wees in modules waarvoor 'n A4-eksamen aangebied word nie.

## Biblioteekdienste vanaf 6 Julie 2020

Ter voorbereiding vir die terugkeer van die eerste 33% van die Universiteit Stellenbosch (US) se studente na kampusse aan die begin van die derde kwartaal onder vlak 3 van die staat van inperking, het die US Biblioteek- en Inligtingsdiens nuwe prosedures en protokols aangekondig vir kliënte wat die US se biblioteekdienste wil gebruik. Vir al die jongste inligting oor die US se biblioteekdienste en -hulpbronne wat vanaf 6 Julie 2020 beskikbaar sal wees, klik hier. Fakulteitsbiblioteke is ook besig om gereed te maak om ruimtes aan studente beskikbaar te stel vir studiedoeleindes.

## Gradedokumente en akademiese afskrifte

Alle graduati wat plaaslik (binne **Suid-Afrikaanse** grense) woon, se gradedokumente is op 3 Junie 2020 per geregistreerde pos uitgestuur. Die Suid-Afrikaanse Posdiens ondervind egter weens COVID-19 'n vertraging in die versending van sommige van hierdie graadsertifikate.

Graduati word versoek om by hul plaaslike poskantoor navraag te doen. Graduati kan ook met die volgende personeellede by die Eksamenkantoor in verbinding tree om hul opsporingsnommer aan te vra sodat hulle met hul plaaslike poskantoor kan opvolg:

1. Cedric Bezuidenhout by cgb@sun.ac.za or 021 808 4583
2. Gary Kirsten by garyk@sun.ac.za or 021 808 9367
3. Kea Raikane by kraikane@sun.ac.za

Wanneer hulle hul opsporingsnommers ontvang het, kan studente ook hul graaddokumente deur die volgende webwerwe opspoor:
www.sapo.co.za
www.trackmyparcel.co.za

Slegs 'n beperkte aantal lande het sover hul grense vir Suid-Afrikaanse pos heropen. Die gradedokumente vir **internasionale studente** van hierdie lande is na hul land gestuur. Die SA Posdiens het egter die US in kennis gestel dat daar reusevertragings met die aflewering van pos aan hierdie lande is en die omvang is in hierdie stadium nog onbekend.

Daar is nog steeds baie lande, insluitende Afrikalande, wie se grense gesluit bly. Die SA Posdiens sal die US op hoogte hou van lande wat hul beperkinge ophef om pos te ontvang. Hierdie graadsertifikate (216) is nog in die besit van die US.

Graduati en studente wat dringend **afskrifte van hul akademiese rekords en sertifikate** benodig, kan 'n versoek na records@sun.ac.za stuur om 'n elektroniese weergawe van hul akademiese dokumente te ontvang. Jy word vriendelik versoek om jou behoefte in die onderwerpreël van die e-pos aan te dui, en dan of een of albei van die volgende by jou e-posversoek te voeg:

- Akademiese rekord en/of
- Graadsertifikaat

Weens die groot aantal versoeke en huidige beperkinge, kan dit tot vyf werksdae neem om aan versoeke te voldoen.

**Studentedienste**

Ten einde die risiko van infeksie tot ’n minimum te beperk, word alle administratiewe dienste wat gewoonlik in Admin A gelewer word, nou aanlyn gelewer. Digitale oplossings is op die aanlyn-studenteportaal beskikbaar, terwyl die kontakbesonderhede vir verskeie ander dienste by communication and service channels beskikbaar is.

Gebruik asb die Universiteit se verskeidenheid akademiese, taal-, gesondheid- en emosionele ondersteuningsdienste vir studente.

Te midde van kommer oor die styging in infeksies in ons land, is dit belangrik dat ons almal ’n gedeelde verantwoordelikheid aanvaar om mekaar veilig te hou. Dra jul maskers; reinig of was jou hande gereeld; pas sosiale afstandskepping toe en besoek die COVID-19-webblad vir al die toepaslike protokols indien jy vermoed dat jy aan die virus blootgestel is of simptome ondervind.

Geniet die kort reses en rus goed uit vir die jaar wat voorlê.

Vriendelike groete

Prof Stan du Plessis
Voorsitter: Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting